Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Carmen Niekerk**
Direktoraat: Vroeëkindontwikkeling
Carmen.Niekerk@westerncape.gov.za | 021 828 3376

Lêerno.: 28/3/4
Verwysing: 20241030-7875

Vroeëkindontwikkeling-minuut: 0001/2024

Aan: Direkteure (distrikskantore), Prinsipale van gewone openbare skole, spesiale skole, geregistreerde onafhanklike Vroeëkindontwikkelingsentrums en onafhanklike skole

**Onderwerp: Heruitreiking van graad R-registrasiesertifikate aan skole**

1. Alle gewone openbare skole, spesiale skole, onafhanklike Vroeëkindontwikkelingsentrums (VKO-sentrums) en onafhanklike skole wat graad R aanbied en tans by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) geregistreer is, word versoek om die skakel, wat via hul e-posadresse op die WKOD se meesterlys versprei sal word, te gebruik om die volgende velde te voltooi:

   - E-posadres van die persoon wat die inligting invul
   - Naam van die inrigting
   - Distrik
   - Sektor
   - Kring
   - Kontaknommer
   - Fisiese adres
   - E-posadres van die inrigting
   - Prinsipaal se naam en van
   - Verklaring

2. Die volgende dokumentasie moet teen die datums in die tydraamwerke in punt 4 by die distrikskantoor ingedien word. Skole moet toesien dat ALLE dokumentasie ook by die skool/sentrum op lêer geplaas word.

   - Skool se grondwet, visie en missie
   - Skool se toelatingsbeleid (wat ouderdom vir graad R-leerders insluit)
   - Skool se taalbeleid
   - Skool se kurrikulum volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring
   - Kwalifikasies van praktisyns/opvoeders
   - Registrasie by Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders

- Curriculum vitae (praktisyns/opvoeders)
- Gewaarmerkte afskrif van sertifikaat van die Departement van Gesondheid wat verklaar dat skole/sentrums kinders op die perseel mag huisves (slegs onafhanklike skole/VKO-sentrums)
- Soneringsertifikaat
- Polisieklaringsertifikate van praktisyns/opvoeders
- Terreinplan/afskrif van bouplan
- Bewys van registrasie by die WKOD as skool/sentrum vir kinders van geboorte tot vier jaar (slegs onafhanklike skole/VKO-sentrums)
- Huurkontrak/bewys van eienaarskap van gebou (slegs onafhanklike skole/VKO-sentrums)
- Jongste, ondertekende en geouditeerde finansiële state
- Gestempelde afskrif van die laaste drie maande se bankstate
- Bestuurstruktuur
- Notules van die laaste drie beheerliggaamvergaderings
- Bewys van bydraes tot die Suid-Afrikaanse Inkomstediens/Departement van Arbeid
- Ondertekende dienskontrak/te

3. Skole moet toesien dat alle beleide op graad R betrekking het.

4. **Tydraamwerke**

| Datum | Aksie |
|---|---|
| 15 November 2024 | Skole volg die skakel, voltooi die velde en dien dokumentasie by distrikskantore in. |
| 22 November 2024 | Distrikskantore kontroleer en verifieer die dokumentasie wat van skole ontvang is. |
| 29 November 2024 | Distrikskantore dien lys van skole wat aan vereistes voldoen by Hoofkantoor in. |
| 06 Desember 2024 | Hoofkantoor genereer registrasiesertifikaat en verskaf aan distrikskantore vir verspreiding aan skole. |

5. Inrigtings sal besoek word om te kontroleer of hulle voldoen aan die vereistes wat in hierdie minuut uiteengesit word. Die registrasiesertifikaat moet permanent in die voorportaal vertoon word/duidelik sigbaar wees.

6. **Kontaknommers vir navrae**

| Distrik | Verantwoordelike beampte | Telefoon-nommer | E-posadres |
|---|---|---|---|
| Metro-Sentraal | Zaahier Jacobs | 021 514 6946 | Zaahier.Jacobs@westerncape.gov.za |
| Metro-Noord | Kaydy Cheng | 021 938 3174 | Kaydy.Cheng@westerncape.gov.za |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Metro-Suid | Andrea Bianchi | 021 374 4107 | Andrea.Bianchi@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Michelle Liedemann | 021 900 7221 | Michelle.Liedemann@westerncape.gov.za |
| Weskus | Sally Meyer | 021 860 1201 | Sally.Meyer@westerncape.gov.za |
| Kaapse Wynland | Sophia Karriem | 023 348 4611 | Sophia.Karriem@westerncape.gov.za |
| Overberg | Simon Speelman | 028 214 7335 | Simon.Speelman@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentrale Karoo | Lucretia Roux | 044 803 8335 | Lucretia.Roux@westerncape.gov.za |

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle VKO-belanghebbendes en -personeel.

**GETEKEN:** AJE MEYER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2024-11-05